# KOMMUNIKAMMA 8 FEBRUARIE 2026

Ons besoek op versoek. Kontak asb. met groot vrymoedigheid met ons indien jy enige versoeke of vrae het.

Niekie Oosthuizen in die kerkkantoor: 082 561 8747; 041 360 1484; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za
**Neem asb. kennis dat die kerkkantoor tye van Maandag tot Vrydag vanaf 08:00 tot 12:00 is.**
Ds. MG van Rooyen: 083 413 7100; mg@ngkraggakamma.co.za
Ds. Toit Wessels:  084 240 2916; toit@ngkraggakamma.co.za

**WHATSAPP GEMEENTE KOMMUNIKASIE**
Indien jy die gemeente kommunikasie via Whatsapp wil ontvang moet jy die volgende stappe volg:
Stoor die gemeente selfoon nommer (071 493 5998) as 'n kontak op jou foon.
Stuur 'n Whatsapp boodskap met jou naam en van na hierdie nommer.
Jy word op 'n "Broadcast" lys geplaas en is nie deel van 'n Whatsapp groep, waarop almal kommentaar lewer, nie.

**PROGRAM VIR DIE WEEK:**
**Sondag 8 Februarie**
**Biddag vir Opvoeding en Onderwys**

**08:30 EIETYDSE DIENS en KLEUTERKERK**
**09:30 KATEGESE**
**10:00 KLASSIEKE DIENS**
**Tema:** Hier is Christus alles en in almal.
**Skriflesing:** Kolossense 3:1–17

**Baie geluk aan Nico en Ina Lombard met die doop van klein Nico**

**18:00 LEEF@KERK** ('n Saamkuier geleentheid vir Hoërskool kinders)

**Die bedienings dankoffer in die houtkassies gaan vandag vir ViA, ons gemeente se Vroue in Aksie.**

**Maandag 9 Februarie**
**12:45 GEBEDSKILD**
Gemeente gebedsgeleentheid in gebedslokaal. Almal is welkom.

**19:00 ADMINISTRASIE**

**PE NOORD EN ALGOA GEMEENSKAPSKERK – VOEDSELHULP-PROJEK**
Indien jy wil help, kan skenking op Sondae in die voorportaal en Maandae en Woensdae by die kerkkantoor ingegee word. Finansiële bydraes kan in die gemeente se rekening inbetaal word. Dui asb. aan dat dit vir voedselhulp gaan.
PE Noord soek asb. ook 2L en 5L roomys bakke wat hul gebruik om die sop vir die sopkombuis te vries. Enige hulp sal waardeer word.

**Woensdag 11 Februarie**
**18:30  KERKRAAD**

**<u>Donderdag 12 Februarie</u>**

**FONTEINVRIENDE BYEENKOMS**

Die Fonteinvriende skop die 2026 jaar af met 'n heerlike saamkuier geleentheid op Donderdag 12 Februarie. Om deel te word van die Fonteinvriende of vir navrae, kontak Linda Rossouw 082 402 4396.

**<u>Vrydag 13 Februarie</u>**

**05:00 MANNEGROEP**

Indien jy wil deel word van die groep, kontak Frans Stapelberg (082 773 6205)vir meer besonderhede.

**<u>Sondag 15 FEBRUARIE</u>**

**09:00 GESAMENTLIKE DIENS, KLEUTERKERK EN BELYDENISAFLEGGING**

**18:00 LEEF@KERK** ('n Saamkuier geleentheid vir Hoërskool kinders)




**<u>GEBEDSAKE:</u>**

- Julien Postma is oorlede. Bid vir Daphné en die familie.
- Laura Krause het 'n groot operasie ondergaan.
- Sam Hattingh is in die hospitaal vir ondersoeke.
- Veneto Keyter wat sukkel met sy gesondheid.
- Reën oral waar dit droog is.
- Kerkraadsvergadering Woensdagaand
- Gideons Bybelplasing hierdie week in Namaqualand.
- 'n Oplossing vir die bek-en-klouseer krisis in ons land.
- Al meer mense, ook in ons gemeente, wat materieel swaarkry. Dit lei dikwels ook tot geestelike en emosionele swaarkry. Dankie dat van die mense werk gekry het.
- 'n Einde aan die oorloë in Oekraïene, Afrika en ander plekke, asook vir die gelowige broers en susters in daardie lande. 'n Oplossing vir die chaos in Iran.

**<u>THERE4 BEDIENINGE GEBEDSVERSOEK</u>**

Kom bid saam hierdie week met en vir ons wêreldwye familie.

**Lofprysing:** Dank God dat sommige gelowiges in Libië toegang het tot die Skrif.

**Petisie:** Bid vir ons wêreldwye familie, spesifiek die kerk in Libië en ander vervolgde nasies, dat God se Woord steeds hul magtige reddingsboei en bron van onwrikbare hoop sal wees. Bid saam dat hulle toegang sal hê tot die Bybel in hul taal.

**Persoonlike Gebed:** Vra God vir groei in jou geloof en dat jy die Woord sal vertrou en dat dit vir jou sal vul met onwrikbare hoop.

**FEBA RADIO GEBEDSVERSOEK**

Die 800 km lange grens tussen Thailand en Kambodja is al lank ’n bron van konflik. In die afgelope jaar het die spanning van tyd tot tyd oorgegaan in gewapende konflik. FEBA saai in albei lande uit en in 2025 het die FEBA Kambodja-span spesiaal ’n reis onderneem om radio’s aan die soldate op die grens uit te deel. Bid vir vrede tussen Thailand en Kambodja. Vra dat FEBA se programme soldate in albei lande sal inspireer om hul harte vir Christus te gee.

**RAMPFONDS VIR NOODTOESTANDE: OOS-KAAPLAND**

Gegewe die nood van brande, droogte en veesiekte aktiveer ons Oos-Kaaplandse kerkverband ons rampfonds. Die **doel** hiermee is om gemeentes, lidmate en persone wat graag konkrete hulp wil verleen in staat te stel om ‘n finansiële bydrae te maak.

Die Rampfonds word in vennootskap met gemeentes naby aan die nood en kundige organisasies aangewend. Soos in die verlede, sal ons weer finansiële steun bied aan landbouverenigings, betroubare nie-regeringsorganisasies en ander instansies met ‘n bewese rekord van dienslewering.

**Praktiese reëlings**

Ons nooi gemeentes, lidmate en lede van die publiek uit om **donasies** in ons rampfonds in te betaal. Die rekening word geouditeer en fondse staan onder die beheer van die Sinodale Kommissie en word in vennootskap met plaaslike gemeentes aangewend.
Bankbesonderhede:
ABSA Lopende rekening
Rekeningnaam: NG Kerk Oos-Kaapland
Rekeningnommer: 290 581 192
Takkode: 632 005
Verwysing: “**Rampfonds**”
**Dit is baie belangrik dat die woord “Rampfonds” in die verwysingsveld op die inbetaling verskyn. Dit is hoe ons sisteem die inbetaling as ‘n donasie vir die rampfonds toewys.**

**RAAK BETROKKE**

Aangesien ons ‘n groeiende geloofsgemeenskap is, het ons op vele terreine hulp nodig van vrywillige gemeentelede. Ons kort tans veral hulp met mense wat kan help met die regstreekse uitsending van die eredienste. Indien jy kan help, kontak asb. vir Marna (076 918 5373) of die kerkkantoor as jy betrokke wil raak. As jy wil help met klank of data in die diens, kontak asb. met die kerkkantoor.

**KERKRAADSLEDE EN DIENSWERKERS**

Ons het 4 ouderling, 3 diaken en 23 dienswerker vakatures. As die Here vir jou lei om hier te kom dien, kontak asb. die kerkkantoor.

**DAMES TEE**

ViA bied op Saterdag 14 Maart om 10:00 ‘n damestee aan. Caroline-Grace is die gasspreker en die tema is “Ek het ‘n sagte kant van die Here ontdek.” Kaartjies kos R200.00 elk en kan individueel of in tafels van 6, 8 of 10 gekoop word. Kaartjies is Sondae in die voorportaal te koop en ook deur die week by die kerkkantoor. Kontak Marisa van Wyk (082 493 6258) vir meer besonderhede.

**Kategese Lokale**

| Graadgroep | Lokaal |
|---|---|
| Gr 1 | Bushuisie |
| Gr 2 | Klaskamer op saal se verhoog (naaste aan Kombuis) |
| Gr 3 | Kantoor oorkant kerkkantoor |
| Gr 4 | Klaskamer op saal se verhoog (naaste aan Voortrekkersaal) |
| Gr 5 | Saal verhoog |
| Gr 6 | Saal |

| | |
|---|---|
| Gr 7 | Buite Voortrekkersaal (Braai area) |
| Gr 8 | Saal voorportaal |
| Gr 9 | Gebedskamer |
| Gr 10 | Voortrekkersaal |
| Gr 11 | Jeuglokaal/Konsistorie |

**NUWE LIDMATE**

Ons wil graag ons nuwe lidmate ontmoet. Daar is in die voorportaal 'n groen kontakkaart wat julle kan voltooi, waarna ons met julle in verbinding sal tree. Jul kan ook na ons webblad, www.ngkraggakamma.co.za gaan. Druk op "Kontak ons" reg onder die gemeente logo. Vul die "Nuwe intrekkers" vorm in en e-pos dit na die kerkkantoor. **Ons nuwe intrekkers verwelkoming is op Sondag 22 Februarie na nagmaal. As u nie hierdie week 'n uitnodiging gekry het nie, kontak asb. die kerkkantoor.**

**VERJAARSDAE VIR DIE WEEK**

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

| | |
|---|---|
| 8 Februarie | Sue-Ann Delport, Gawie le Roux, Marushka Poovan, Simon van der Merwe en Minke van der Merwe |
| 9 Februarie | Hoppie Hiscock, Heidi Nothnagel, Charleine Olivier, Hester Taljaard, Ansie van Graan en Amalia van der Westhuizen |
| 10 Februarie | Marnus Winter |
| 11 Februarie | Willem Janse van Rensburg |
| 12 Februarie | Janno Agenbag, Hané Cloete, Mienke Meyer, Thriscka Stapelberg en Ruaan van der Merwe |
| 13 Februarie | Lienke de Lange en Erna Venter |
| 14 Februarie | Albert Nienaber, Elsabe Roets, Karin-Louise Smit, Karlien van Wyk en Hardus Viljoen |

**DAMESTEE BY PE HEIDEVELD GEMEENTE**

Kom geniet 'n heerlike oggend vol inspirasie en samesyn met 'n plaaslike gas wat die dames kom verras. Die geleentheid vind op Saterdag 21 Februarie om 10:00 plaas in die kerksaal van NG Kerk PE Heideveld. Vir meer inligting kontak die kerkkantoor (069 610 5352) of Magteld (082 371 4087)

**DIVORCE CARE @ HOOGLAND**

Op 21 April begin Hoogland Gemeente met 'n reeks met die naam Divorce Care @ Hoogland. Indien jy of 'n geliefde deur 'n egskeiding gaan, kontak Alehteia Botha (082 227 7105) vir meer inligting oor die kursus.

**DANKOFFER**

Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae wat ons maandeliks ontvang. Dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word.
Die kerk se bankbesonderhede is:
NG Kraggakamma
Absa Tjekrek 1400590091,
Takkode 632005